**Skriflesing:** Genesis 25:19-34
**Tema:** God se plan ontspoor nie.

Die verhaal wat ons sopas gelees het, lees soos 'n TV sepie. Dit is die verhaal van gelowiges se tuimeltreinrit (rollercoaster ride) lewens vol hoogte- en laagtepunte en God wat ten spyte van alles in beheer bly.

Wat baie duidelik is, is dat God nie altyd volgens menslike verwagtings en kulturele gebruike werk nie. In geloofsvertroue moet ons verklaar dat dit wat ons met ons beperkte verstaan en logika as regverdig en onregverdig verstaan, nie altyd is soos wat God daarna kyk nie.
Hulle wat, deur ons, as die minste beskou word, word soms deur God geroep en gebruik.

Ek nooi vir jou uit om weer saam met my deur die verhaal te stap en opnuut ons onverwagse, ongewone en genadige God te ontmoet.
Toe Isak 40 jaar oud is, trou hy met Rebekka. Hy was vir haar baie lief, ons sal kan sê dat daar 'n Goddelike liefdesband tussen die twee was. Maar hulle is na amper 20 jaar se getroude lewe steeds kinderloos.

Isak en Rebekka hanteer hierdie situasie beter as hul ouers. Toe Abraham en Sara na 36 jaar se getroude lewe steeds kinderloos was, maak hulle hul eie plan. Rebekka bring haar slaaf, Hagar, na Abraham toe en Ismael word gebore met baie hartseer gevolge.
Eers na 50 jaar se getroude lewe is hulle eie seun, Isak, gebore.

Isak en Rebekka maak nie hul eie planne nie. Hulle hou in geloof aan God vas. Isak het die Here volhardend gevra vir 'n kind vir Rebekka.

Waar Isak menigmaal eintlik as 'n diep introvert geteken word, is sy gebedskrag en liefde vir sy vrou uitstaande kenmerke van dié Godsman. Dit is interessant om te sien hoe, van die begin af, God se leiers van mekaar verskil.
Waar sy pa Abraham op die internasionale verhoog gedy het en konings verslaan het, blink Isak uit in die meer private omgewing van sy eie familie … hoewel hulle sy saggeaardheid liederlik misbruik het. Maar by daardie episode kom ons nie vanoggend uit nie.

Teenoor Homspeel sy vrou, Rebekka 'n baie meer prominente rol. Dit is eintlik vreemd vir 'n vrou van hierdie tyd. Rebekka gaan die "Here... raadpleeg", iets wat nie binne die aartsvader- konteks van 'n vrou verwag sou word nie.
In Genesis 27 word Isak as bejaarde blinde man voorgestel. Rebekka daarenteen, is die een met die, soms skelm, planne en die spil waarom alles draai.

Deur dit alles bly God getrou aan sy beloftes. Na twintig jaar word 'n tweeling gebore. Dit het egter nie 'n nuwe tyd van maanskyn en rose ingelei het vir Isak en Rebekka nie, inteendeel.
Dit stel hulle bloot aan die enorme magspel wat van vóór die tweeling, Esau en Jakob, se geboorte tussen hulle begin het. Die kinders het letterlik mekaar probeer "breek" in die baarmoeder! Rebekka is só raadop daarmee dat sy die Here raadpleeg oor die oorlog wat binne haar gevoer word.

Die Goddelike antwoord is vreemd. Dit pas nie in by ons verstaan nie, maar God is in beheer van hierdie tuimeltreinrit. Ons lees in Genesis 25:23: "en Hy het vir haar gesê: "Daar is twee nasies in jou, twee volke uit jou sal van mekaar geskei word. Een sal sterker wees as die ander, die oudste sal die jongste dien."

God weet van die stryd wat hier gebore word. Hy weet ook van omgekeerde rolle, dat die oudste die jongste sal dien en Hy stop dit nie. Dit is nie 'n klein dingetjie wat hier gebeur nie. Vandag praat ons tog nie van die aartsvaders of ons geloofsvoorvaders as Abraham, Isak en Esau nie, maar as Abraham, Isak en Jakob.

Sy antwoord aan Rebekka voorspel 'n voortdurende stryd soos dit inderdaad tussen die Israeliete, die nageslag van Jakob, en die Edomiete, die nageslag van Esau, sou heers. Dit het eeue later selfs 'n poging tot 'n Joodse volksmoord deur Haman, 'n Edomiet, in die verhaal van Ester, ingesluit.  Meestal was die skoen egter aan die ander voet. Israel het talle veldslae teen Edom gevoer en gewen.

Dalk is dit nou die regte tyd om daarop te wys dat Isak en Rebekka doodgewone mense soos ons was, mense wat ook foute maak. Isak trek Esau voor. Hy is die oudste en sterkste, 'n boer en jagter en Isak hou van wildsvleis. In vandag se taal sou ons kon sê dat Hy die groot sterk rugbyspeler seun is.
Rebekka trek Jakob voor. Hy is die rustiger seun wat by die huis bly. Hy help kos maak

Die voortrekkery was olie op die vuur in die broeiende konflik tussen dié twee broers! En die onoploste konflik raak onhanteerbare vetes, dit ruk hand uit. Die konflik tussen die tweeling duur tot vandag nog voort.

Ons as ouers moet pasop vir voortrekkery. Kinders is unieke geskenke van God. Kinders verskil van mekaar. Ons moet hulle so hanteer. En daar kom konflik in verhoudings. Ons moet dit nie ontken nie, maar saamwerk aan 'n oplossing. Bid, praat, kry raad en wees bereid om deel van die oplossing te wees.

Die tweeling is alles behalwe modelkinders. Die eersgeboortereg, wat aan die oudste seun behoort het, het hom leier van die familie gemaak wanneer sy pa sterf. Hy het ook 'n baie groter erfporsie gekry as die ander kinders.

Esau het sy eersgeboortereg verruil vir 'n pot lensiesop: "hy het geëet. Toe hy klaar was, het hy uitgestap.", so asof niks gebeur het nie.

Omdat hy Isak se witbroodjie was, het hy waarskynlik nie gedink dat sy pa sy eersgeboortereg van hom sou wegvat nie. Esau hom egter misgis met sy pa. Hy verloor met hierdie een onbesonne daad sy erfdeel.
Hy het hom ook misgis met God. Hy minag die gawe wat die eersgeborene in die oë van die Here toegekom het.  Daarmee minag hy eintlik vir God.
Regdeur die profete is verder negatief geoordeel oor die verwaandheid en afsydigheid van die volk wat uit Esau sou voortkom.

Die skrywer van die Hebreërbrief waarsku ons in Hebreërs 12:16: “Sorg ook dat niemand sedeloos en goddeloos lewe nie, soos Esau wat vir een maaltyd sy eersgeboortereg verkoop het.”
Ek en jy moet nie die waardes van liefde vir God en vir mekaar, waaraan God ons meet, minag of as minderwaardig afmaak nie.

Maar nie net Esau het verkeerd opgetree nie, Jakob was ook skuldig. Hy word as ‘n baie berekende, listige persoon geteken. Hy buit sy broer se honger en moegheid, tot sy eie voordeel, uit. Hy vat iets wat hom nie toegekom het nie. Later sweer sy ma met hom saam om sy pa Isak, wat toe al oud en blind is, te bedrieg.

Tog kom die verbondsvolk uit Jakob se nageslag. Dit is vir ons as mense nie moontlik om dit logies te verduidelik nie, maar dit is God se tuimeltreinrit plan.

Hy gebruik dikwels mense met tekortkominge, ‘n slegte verlede en sondige neigings, mense wat deur mense verwerp word. Hy gebruik mense soos ek en jy. Ons verstaan ook nie waarom God ons kies en gebruik nie, dit is Sy plan en maar net genade.

**Afsluiting**
Ons kan nie vir God in ons netjiese logiese boksies inpas nie. Al is ons onttrou, God bly getrou.

En God is almagtig. Sy plan ontspoor nie. Dit staan vas te midde van ons swakheid en bedrog.

Hy is oppermagtig en soewerien. Ons moet Hom minder probeer verklaar en verstaan en in ‘n dieper en meer intieme verhouding met God leef. Ons moet Hom minder probeer verduidelik en meer vertrou.

Gee in geloof aan Hom oor en geniet die avontuur, soms die tuimeltreinrit, om kinders van ‘n Almagtige, maar ook soms ‘n onverklaarbare, ongewone en genadige God te wees.
Amen